

Feeste en wat  
ons doen

Die feeste

Om met die feeste te begin, moet ons by die belangrikheid daarvan uitkom. In *Deut. 16:16* staan: *Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die YHUUH verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees (Tabernakel)*

Maar die volk van YHUUH doen nie Sy feeste nie, daarom die boodskap in *Jes. 24:4* *Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. :5 Want die aarde is ontreinig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. :6 Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.* So die wat wil hoor en weet, lees dit wat saak maak, en begin met Sy feeste sodat jy onder YHUUH se seëninge kan kom.

Sabbat

Ek begin by die fees wat YHUUH ons eerste geleer het en dit is die : Sabbat. In *Gen.2:8* stel YHUUH die Sabbat in dat die mens dit moet onderhou. *Ex.16:23-30* bevestig YHUUH dit en in *Ex.20:8-11* maak YHUUH dit 'n wet wat onderhou moet word. In *Matt.12:8* sê "YHUUH [YAHUSHA]" dat Hy die kernpunt van die Sabbat is.

Die uitwys en bevestiging van Sabbat is baie in die Skrifte, soos wat jy veronderstel is om te doen en wanneer. *Ex. 34:21* staan: *Ses dae moet jy arbeid, maar op die sewende dag moet jy rus. In die ploegtyd en in die oestyd moet jy rus.* *Lev 23:3* staan: *Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n afgesonderde vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van YHUUH in al julle woonplekke.* ens.

Om oor te gaan na die volgende fees moet verstaan en gesien word dat die feeste as 'n danksegging en lofprysing moet wees (Ongelukkig sit ons met sewende maand en Maan aanbidding van Skrifte vertalers [Jode] ). Vir 'n baie lang tyd verblind hulle ons deur ander volke se rituele en gewoontes. Daarom, soos ons vêrder gaan, sal ek dit uitwys. Ek gaan ook deurgee wat ons veronderstel is om te doen op daardie spesifieke feestyd.

Die volgende feeste is slegs eenmaal 'n jaar en daarom gaan ek die feeste agtereenvolgend deurgee soos die jaar loop van die begin tot die eindig.

## Trompette:

YHUH het aan Moses opdrag gegee om trompette te maak in Num.10:2 -10. Trompette was daar om mense te vergader of om sekere opdragte deur te gee. Dit was daar vir alarm of om net te blaas om vrolik te wees. YHUH het ook die trompet as 'n ewige insetting daargestel, hetsy wat sy doel gedurende die jaar. In Num. 10:10 *Staan: Op die dag as julle vrolik is, sowel as op julle feestye en by die begin van julle maande(begin van die jaar) moet julle by jul brandoffers en by jul dankoffers op die trompette blaas: hulle sal dien om julle in gedagtenis te bring voor die aangesig van YHUH. Ek is YHUH.* So het die volk dan die opdrag eerbiedig gedoen wat in Ex.12:2 staan nl.: *dit moet vir julle die eerste maand van die jaar wees. Wees vrolik en kom in YHUH se gedagtenis!* In Num.29:1 *Staan: En in die (sewende) eerste maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n reine samekoms wees; géén beroeps werk mag julle doen nie; dit moet vir julle 'n dag van trompet geklank wees.* Eseg.45:18 So sê YHUH : In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy.... Ps.81:4; 98:4 – 6; 2 Kron.29:26 – 28; Ex.12:2; Jes.66:23

Wat doen ons op daardie dag? Wees vrolik, want 'n Nuwejaar het aangebreek. Sit musiek aan en sing vrolike liedere tot YHUH. As jy musikaal is gebruik dit om YHUH te vereer. As jy die ramshoring geleer blaas het doen so. Braai 'n vleisie en geniet die dag van fees saam met jou mede Israeliet. Geen beroepswerke.(Ander vrolike musiek ook soos tradisionele of volksliedere)

## Versoendag :

Versoendag is een van die feeste wat die Jode baie belangrik vind en daarom die "sewende maand" scenario (die 7 de maand wat dood intree "Herfs" voor Winter)

Ons moet eers die doel en belangrikheid van die dag besef. In Lev. 25:8 – 27 word die volk opgeroep tot 'n afgesonderde samekoms tot Verootmoediging. In vers 27 staan: *Jy moet jou verootmoedig en tot diepe berou voor VADER staan.*

In die Tabernakel was die Verbondsark met sy Versoendeksel op waarvan die Levitiese priester na die Ark, eenmaal in 'n jaar, in die Aller afsondering ingegaan het om vir die volk versoening te pleit (Op die Ark was die Versoendeksel, waaruit YHUH gespreek het, en dat YHUH [YAHUSHA] daardie seremonie kom vervul het sodat ons deur Hom versoen kan word met VADER).

In Ex.12:3 staan: *Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand (Abib die eerste maand van die jaar) moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.*

In Jos 4:19 word dit mooi uitgewys nl.: *En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan by Gilgal, m.a.w. hulle het deurgegaan en Versoeningsdag gaan hou by Gilgal) aan die oostelike grens van Jérigo.*

*Jos 5:10 Terwyl die kinders van Israel by Gilgal gelaer was, het hulle die pasga gehou op die veertiende dag van die maand in die aand, in die vlaktes van Jérigo.* Duidelik sien ons dat hulle twee feeste gehou het met die laer opgeslaan.

Net tot openbaring oor en woord 'sewende maand' wat so lyk "בחדש השביעי" in Hebreeus. Ek vat al die invoegsels weg en so vat ek ook van links 'n 'jod' verder weg om meer na die ware betekenis te kom.

As ek die eerste wegvat kry ek: adjure wat beveel, besweer of smeek gee. As ek die tweede wegvat gee dit vir my: administer wat administreer of handhaaf is. 'n Derde: An oath swear is om 'n eet af te lê. Ek maak by voorbeeld 'n spasie tussen party van die letters dan kry ek: captivity; imprisonment; exile wat gevangenskap of ballingskap is. Die opvolgende woord beteken: in die maand = בחדש .

Hier is my interpretasie van die vers: Lev 16:29 En dit moet vir julle 'n ewige insetting wees: in die sewende om 'n eed af te lê en om dit te handhaaf as ballinge in die maand, op die tiende van die maand, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie .....

"In die maand" is die maand waaroor Moses die inwyding opdrag ontvang het en dit was 'Abib' Ex.40:17

Nou soos ons weet is dat ons nie 'n 'jota' of 'n titteltjie mag verwyder uit die Skrif nie, "maar" het die wat die Skrif verwar dit nie alreeds dit daarin geplaas nie? Wat opgelet moet word is dat dit wat jy doen (soos bo uitgewys is) moet die konteks of begrip nie verander nie. M.a.w. die fees wat gedoen en onderhou moet word moet oor dieselfde saak gaan. Die vers (in die algemeen) moet uiteenlopend uit die vorige vers wees, maar die spesifieke vers klink vir my snaaks weens die "sewende" wat nie daar hoort nie.

Die vraag moet nou beantwoord word soos: Was hulle al sewe maande weg van Egipte om dié fees te kan vier ?

Die eerste maand(Abib)trek die volk uit Egipte Ex. 13:4

Die manna val in die tweede maand Ex. 16:1

Die derde maand klim Moses op die berg Sinai Ex. 19:1

Die tweede jaar na die uittog in die eerste maand(Abib)rig Moses die Tabernakel op en wy dit in. Ex. 40:17

Die tweede jaar na die uittog in die eerste maand(Abib)begin salwing van alles in die tent en so ook versoening tussen die Leviete "wat ook die volk insluit" en YHUUH. Lev.8:34 en 9:7

So ja hulle was reeds sewe maande al weg uit Egipte, maar het eers die opdrag ontvang die eerste maand van die tweede jaar uit Egipte. Lev.16 gaan oor versoening wat in Ex. 40 staan.

Kyk gou na orde nl: Eerstens moet daar 'n nuwe jaar fees wees om jou te verbly van 'n nuwe begin(Trompette fees). Tweedens moet daar 'n versoening aan die begin van 'n jaar wees sodat YHUUH met jou die res van die jaar kan wees en jou seën en bewaar(Versoendag). Derdens moet dood ons verbygaan en besef hê wat ons voorouers deurgegaan het(pasga wat saam met die sewe dae ongesuurde brode gaan). Vierdens moet ons onself verbly met die opbrengs wat gesaai was in die eerste maand(Eerstelinge/fees van die weke). Vyfdens moet ons onself verbly in elke nuwe seisoen wat aanbreek, want elke seisoen lewer 'n nuwe vrug voort(Seisoen vernuwing). Sesde gedurende die jaar ontvang ons(ek praat 100% van die seisoene bo in Israel)allerhande vrugte en groente waarvan dit begin het in April en eindig in November waarvan ons dankie moet sê aan die einde van die jaar (Insameling fees / Hutte fees). Laastens kry ons oujaar. Aan die einde van 'n jaar spoel oujaar gewoonlik oor na die nuwejaarsdag wat groot feesviering is(Agste dag. Die agste beteken ook 'laaste kans' om in te kom) Lev 16:29 so ook 23:24; 23:27 wat sê: in die "sewende maand" lees dit met 'n geruste hart: om 'n eed af te lê en om dit te handhaaf as ballinge (vry gekoop) Matt. 5:23, 24; 27:51; ens

Wat doen ons op daardie dag? Die manne kom bymekaar en versoen onder mekaar en as daar vergewing moet plaasvind moet dit eers gebeur. Elke man moet in afsondering gaan om alleen met VADER (*deur YHUUH YAHUSHA*) te Versoen (*vra vergifnis vir wetend en onwetende wetsoortreding*). 'n Dag van reiniging vir die fees (jaar) wat voorlê. Geen beroepswerke. Soos 'n Sabbat moet die dag deurgebring word. 'n Vasdag moet dit wees. So geen etes vir die dag nie.

Pasga en Ongesuurde brode:

Pasga of P`ASSOVER in Engels, beteken verbygaande fees. Oral waar die bloed van 'n lam (YAHUSHA) aan die deur kosyne en poste gesmeer was het die dood verby gegaan. In die fees van Verootmoediging (die 10 de) het hulle die lam gevang en vir drie dae afgesonder vir Pasga (die 14 de). Ex.12:6 YAHUSHA het duidelik deurgegee dat Sy Liggaam die Brood en of die Manna is, en dat Sy Bloed die Wyn is wat gedrink moet word. Ons moet inderwaarheid eers die Wyn drink om skoon te kom sodat die Brood jou kan vul. Hy het Sy Bloed eers vir ons gestort en van toe af kon ons die gawes van die Gees van VADER ontvang. (Geboorte van bo)Die ongesuurde brood was die uittog tydperk uit Egipte wat met bitter en smarte gepaard gegaan het. In Ex.12:15 kan gesien word dat die ongesuurde brode met Pasga begin. Matt.26:17 staan dit ook: *En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na YAHUSHA en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die pasga te eet?* Ex.23:15; Lev 23:5,6; Num.9:5; 28:16,17; Deut.16:1-6; Jos 5:10; Eseg.45:21,25; Matt.26:2; Joh.13:1; ens.

Wat doen ons op daardie dag? Geen suurdeeg mag in jou huis wees nie. Ongesuurde brode moet jy eet (*brood van bittere smart*) en braai vleis. Voor die vleisbraai, doen eers die Pasga maal. Die wyn en die brood. Die vleisbraai is deel van vuur bereiding, niks met YAHUSHA te doen nie; geen beroepswerke. Ons weet mos dat YAHUSHA dié Lam is wat Sy bloed gestort het en daarom gaan die dood ons verby met die beskerming daarin. Soos ons ook weet is die brood Sy liggaam wat vergelyk kan word met die brood van bitter en smart. Met bitter en smart het Hy, wat dié brood is, vir ons daardeur gegaan om versoening vir ons te bewerk en daarom is die twee feeste nie apart gevier nie, maar wel saam. Die eerste en die laaste dag van die fees moet jy afsonder sodat jy die dae met YHUUH verkeer. Die ander feesdae tussenin behoort aan jou en jou naaste. Die eerste en laaste dag is soos 'n Sabbat met die verskil dat jy wel voedsel mag voorberei op die dae. (Ex.12:16)

Fees van die weke / Pinkster

Fees van die weke of ook genoem Eerstelinge fees soos "**PEN'TECOST**" beteken vyftigste, en vyftig beteken Eersteling fees; so beteken dit ook weer, Lossing.

Soos bo genoem fees van die weke, want dit word gevuur sewe weke vanaf Pasga. Sewe beteken op sy beurt weer, volledig of 'n siklus wat voltooi het. Die vyftig dae of sewe weke is 'n tydperk deur YHUH daar gestel sodat Sy volk hulself kan reinig vir die Lossing op die fees. Presies vyftig dae nadat die Israeliete uit slawerny (*Egipte*) getrek het, het hulle die Wet van YHUH ontvang op die berg Sinai. Presies vyftig dae of sewe weke na YAHUSHA se foltering is die uitstorting van die Afgesonderde Gees. YHUH was baie streng op Sy eersteling van alles wat Hy op aarde geskep het, en dit ook duidelik in Sy Wette deurgegee het. Sy volk Israel het Hy (*YAHUSHA*) ook ontvang as eersteling van al die ander volke op aarde en daarom is Hy so streng op ons en tog verlief op Sy Uitverkore (*Toornig op Egiptenare met hulle eersteling*). Ons weet alle offergawes is vervul met YAHUSHA, maar nie die feesdae nie. Ons moet die feesdae vier ter ere en danksegging aan VADER en Sy Seun as dié uitverkorene. In Deut. 16:9 – 16 en Ex. 34:18 – 22 staan: Die fees van ongesuurde brode (wat saam met Pasga val), die fees van die weke... die fees van die eersteling van die koringoes, (m.a.w. In die begin van die jaar, die 3 de maand) en die fees van die insameling by die wisseling van die jaar (einde van die jaar die 12 de maand). Jak. 1:18; Jer.2:3; Deut.16:9-16; Num.28:26; Lev.23:10-20; Ex.34:22-24; Hand.2:1 (*Open.14:4 sê die wat hulle nie besoedel het met kerklike dogma nie is rein*). Wat doen ons op daardie dag? Die manne moet bymekaar kom en bid tot YHUH in danksegging en vir ontvangs. Ons beweeg nie meer die suurdeegbrood nie, maar eerder onself. 'n Gesellige en vreugdevolle dag vol van gesange moet dit wees. Geen beroepswerke. Braai vleis of geniet die dag saam met u gesin.

### Fees van Insameling/Tabernakel :

Nog een van die feeste wat die Jode met wellus gebruik asof dit hulle s'n is kan gesien word in 2 Kon.17:30 *die manne (Jode) van Babel het Sukkot-Benot gemaak, "wat hulle huttefees was."* Die Babiloniese Jode het al Israel se feeste probeer intrek na hulle sewende maand en Maan aanbidding. Hulle aanbidding is direk uit Babel(Kry gerus die traktaat oor watter Pasga het YAHUSHA geëet).

In tente en skuilings het die Israeliete gewoon in Egipte; so ook in die woestyn. Om dit te herdenk moet daar elke jaar in tente of tak skuilings buite gemaak word en in geslaap word. Tabernakel beteken 'n tent of 'n tydelike hawe, so ook ons liggaam wat 'n tent voorstel wat ook tydelik op aarde is.

Tabernakel beteken ook woonplek (beskerming) wat YAHUSHA is en dat die skuiling Sy beskermde hand is.

*Ex.34:22 Die fees van die weke moet jy ook hou,(Pinkster) die fees van die eersteling van die koringoes; en die fees van die insameling (Tabernakel) by die wisseling van die jaar. Insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. Ex.23:14-17 verder die fees van die oes, van die eersteling van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. Lev 23:34 Spreek met die kinders....sewe dae lank die Tabernakel fees vir YHUH. In Tabernakels (tente) het die Israeliete gewoon met die Egiptiese verblyf so ook in die woestyn. Deut.16:13 Die Tabernakel fees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou. Lev 23:34 staan: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie (sewende) maand is dit sewe dae lank die (huttefees). Tabernakel of Insameling vir YHUH :35 Op die eerste dag moet daar 'n reine vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. :36 Sewe dae lank moet julle aan YHUH 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag (lees mooi wat gesê word in die gelese stuk nl. : sewe dae, maar daar is 'n Agste dag ook) moet daar vir julle 'n reine vierdag wees,...(dit is die Agste dag viering aan die einde van die jaar; Oujaarsdag) Deut.14:28 Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit; Deut.16:13 Die huttefees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou. Lees nou aandagtig :Deut 31:10 En Moses het aan hulle bevel gegee en gesê: Aan die einde van sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding, op die huttefees, Jer. 34:14 Aan die einde van sewe jaar moet julle elkeen sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, laat weggaan; ... Deut 15:1 Aan die einde van sewe jaar moet jy 'n kwytskelding laat plaasvind. Wanneer hou 'n boer insameling? Wanneer is kwytskelding?*

Ons werk in die Skrifte op hulle seisoene en kalender waarvan die sewende maand Herfs is. Kyk gerus op die Saai en maai kalender.

Om die fees te herdenk moet daar elke jaar in tak en blaar skuiling, wat uit takke (selfs tente) buite gemaak is, geslaap word. Tabernakel beteken beskerming wat YHUH se hand beteken wat jou beskerm. Wat ook mooi uitstaan is dat YHUH wat die Tabernakel daar gestel het en kom volmaak het met Sy koms as YAHUSHA.



In die Skrif sal jy verskeie plekke kry wat die Jood ingebring het dat die Tabernakel fees op 'n 7 de maand val wat vals is, want hulle kalender is op die maan gebaseer. *Ex.23:16;34:22;Num.29:12; Deut.16:16; Neh.8:15-17; Joh. 7:2*

Wat doen ons op daardie dag? Vreugdevol met gesang en jubel. Slaap buite jou huis in tak skuilings of in tente. Die eerste dag is soos 'n Sabbat. Die dag daarna braai vleis, sing liedere en wees vrolik. Lees die Wette van YHUH voor vir die wat daar is elke dag van fees. Geen beroepswerke.

#### Agste dag :

Neh. 8:16 ...: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhout takke en mirte takke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak ... Neh. 8:19 En hy het dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, voorgelees uit die wetboek van YHUH; en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening. In die winter ! *Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die(-sewende) maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van YHUH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. Num.29:35 *Op die agtste dag moet daar vir julle 'n feestyd wees; Neh. 8:19 ...en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening. Die agste dag is die laaste dag van die jaar en beteken dat dit die laaste geleentheid is vir inkom voor die deur gesluit gaan word. Ex. 22:30; 23:16; 34:22; Deut.16:13,16; Neh.8:15-19; Joh. 7:2,37**

Wat doen ons op daardie dag? Slaap buite as jy wil, anders in jou huis. Die dag is soos 'n Sabbat. Bery die vorige dag etes voor. Sing liedere en wees vrolik. Lees die Wette van YHUH voor vir die wat daar is op die feesdag. Geen beroepswerke.

#### Seisoen vernuwing:

Hier kom die Maan aanbidders nou na vore. Die Jode voel sterk oor die maan, daarom hulle Maan kalender. YHUH het gesê: en dit was aand en die dag [lig] het begin; Die Jode sê: die Son het gesak en die nag het begin...; (sodat hulle met die maan kan werk).

Die huidige Roomse Gregoriaanse kalender sê: en dit is Middernag 12 uur en die dag het begin ...; maar dit moet die teenoorgestelde wees, jy moet sê: dit is 12h00 middag, [aand soos YHUH] die dag het begin. Ons werk tog met lig en so het YHUH die lig geskep om dag en nag te skei. 12 uur in die dag is die son in die middel van die dag en dit maak nie saak waar jy op aarde is nie.

Die son horlosie van Agas in 1 Kon. 20:11 gee baie deur; Toe YHUH spreek: laat daar lig wees, moes die lig tog verskyn en nie alreeds onder gewees het nie. Jes. 38:8 Die Maan is nie 'n lig nie, maar wel 'n truikaatser daarvan. 'n Maan maand het 28 dae waarvan die Joodse maan kalender kort, kort aangepas moet word om in seisoen te bly.

Volgens deskundiges beweeg die Maan al verder van die aarde weg en daarbenewens is sy omwenteling groter en vat langer om, om die aarde te beweeg. Ons werk dus met lig en nie in duisternis nie. Hoekom sal al die feeste met Lig te doen wees, maar die seisoen vernuwing moet op volmaan gedoen word, in die nag. Luister mooi hoe het die vertaler homself deurmekaar gepraat *in Ps. 81:4 Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdae* (Die Maan kalender begin nie op volmaan nie, maar wel op 'n klein piesang maan). *Jes. 66:23 En elke maand op die nuwemaan* (Maand Seisoen vernuwing) *en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor My aangesig, sê YHUH.* YHUH het nooit opdrag gegee dat ons Hom in die nag moet aanbid nie.

Wat doen ons op daardie dag? Die dag is 'n vas dag. Vreugdevol met gesang en jubel. 'n Dag van gebed om seëninge en ontvangs vir die nuwe seisoen. Geen beroepswerke.

Ja 'n nuwe tydperk wat aanbreek, 'n nuwe Jerusalem, 'n nuwe Aarde, nuwe Verbond en 'n nuwe Lewende Weg en so 'n nuwe Seisoen Sag. 8:19; Num. 28:14

### Saai en oes kalender

	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug	Sept	Okt	Nov	Des	Jan	Feb
Koring	Saai		X									
Gars/Gort	Saai	X										
Hawer	Saai		X									
Ertjies	Saai	X.	X									
Lensies	Saai	X.	X									
Druiwie	Saai			X.	X.	X.	X					
Vye	Saai					X.	X					
Olywe	Saai						X.	X.	X			

Winter|Lente-----|Sommer-----|Herfs-----|Winter---

Eerstelinge fees is Mei maand en Insameling fees aan die einde van die jaar en dit is Maart maand, m.a.w. net voor saai tyd, net voordat die nuweling (eerstelinge) gesaai word.